Familie Tuisblad

Vadersdag **16 Junie 2024**

1 Begin hier

Het jy al die kaartspel UNO gespeel?

Uno beteken “een” in Spaans en as jy een kaart oor het, moet jy “UNO” uitroep.

Daar is ook ‘n waardevolle kaart, wat lyk soos enige ander kaart, maar as jy dié kaart in die hande kry, kan jy die kleur van die spel verander tot jou voordeel.

Vandag is Vadersdag – ‘n dag waarop ons nadink oor en dankbaar is vir die mentors en rolmodelle in ons lewens.

God gebruik doodgewone mense om ‘n invloed te hê in sy storie. Een of “UNO” persoon kan ‘n groot verskil maak.

Vertel van ‘n vader-figuur of mentor, wat ‘n verskil in jou lewe maak of gemaak het.

2 Lees

Markus 4:30-32

3 Gesels

- Hoekom word die koninkryk van God waarvan ons deel is, vergelyk met ‘n mosterdsaadjie?
- Kan jy aan iemand dink wat onbelangrik voorkom, maar wat deur God gebruik word?
- Hoe het die Here jou al gebruik?

4 Bid

Vind ‘n saadjie in die huis of tuin en hou dit vas terwyl julle bid:
“Here, gebruik my.”

5 Doen

Speel ‘n bordspeletjie of kaartspel saam.

Luister hierdie week saam na die DinkJeug Familie App – ons gesels oor kinders wat ‘n verskil maak in die Nuwe Testament.
Besoek https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-families/ om die app af te laai.